GIMMIE-NUUS

LANGENHOVEN GIMNASIUM OUDTSHOORN

Privaatsak X611 Tel. 044 272 2151/2 Faks 044 272 6254
e-pos admin@lgim.co.za Web: www.langenhovengim.co.za

UITGAWE 31/2021 GIMMIES VIR UITNEMENDHEID 5 November 2021

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers, Personeel en Leerlinge

Positiewe dinge hierdie week by die skool ervaar:

1. Nadat ons verlede week oor o.a. vriendelikheid, netheid van ons terrein en mekaar en besoekers groet, gepraat het, het ons besef hoe positief ons kinders reageer op positiewe versoeke. Ons terrein is merkbaar skoner en dis so lekker om vriendelike mense rondom jou te hê.
2. Ouers wat komplimente gee vir personeel wat moeite met ons kinders doen.
3. Betrokke kinders wat ons skool met baie groot trots verteenwoordig.
4. Kinders wat verkeerd doen en maklik hulle fout erken en die gevolge daarvan dra. Welgedaan en geluk daarmee, seuns en dogters.

Skoollewe is ‘n belangrike leerskool vir die volwasse lewe.

Indien enige leerlinge ons skool aan die einde van die jaar om welke rede verlaat, versoek ons u vriendelik om ons daarvan in kennis te stel. Ons het nodig om aan u ‘n oorplasingsvorm te gee sodat u kind by ‘n ander skool kan registreer. Doen asseblief enige kennisgewing van onttrekkings by admin@lgim.co.za.

Baie sterkte aan ons matrieks met julle voorbereiding vir julle eksamen. Die beste plek om nou te wees, is voor jou boeke. Dit is nie altyd lekker om dit te hoor nie. Sover gaan dit goed met die eksamen, ons hou baie styf duimvas dat julle die energie sal hê om tot aan die einde eksamenfiks sal bly. Die res van ons leerlinge het ‘n laaste week van voorbereiding oor vir die eksamen. Doen julle allerbeste hiermee.

Vriendelike groete.

Stephanus Potgieter

1. BELANGRIKE DATUMS

Saterdag 6 November:
o/15-krieket teen Bridgton RPC (T)

Sondag 7 November:

Maandag 8 November: Dag 5
Matrieks:
09:00 – 12:00: Wiskunde Vr. 2
09:00 – 12:00: Tegniese Wiskunde Vr. 2
09:00 – 12:00: Wiskundige Geletterdheid Vr. 2

Dinsdag 9 November: Dag 6

Woensdag 10 November: Dag 1
Matrieks:
09:00 – 11:00: Besigheidstudies Vraestel 2
14:00 – 17:00: Ingenieursgrafika en Ontwerp Vraestel 1

Donderdag 11 November: Dag 2
Matrieks: 14:00 – 17:00: Geografie Vr. 1

Vrydag 12 November: Dag 3
Tuisnaweek
Matrieks:
09:00 – 12:00: Fisiese Wetenskappe Vr. 1 (Fisika)
09:00 – 12:00: Tegniese Wetenskappe Vr. 1

Saterdag 13 November:
Tuisnaweek
o/19-krieket teen Bridgton RPC (T)

Sondag 14 November:
Tuisnaweek

2. VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat gedurende die week verjaar. Mag julle 'n wonderlike nuwe lewensjaar hê.

5 November: Meghan Konnie
6 November: Rihard van den Berg
7 November: Francois Moolman
10 November: Etienne Terblanche
Jano Lingenfelder
Carlisle Booysen

3. SKOOL- EN KOSHUISGELDE: 2022

Tydens die begrotingsvergadering op 23 September 2021 is dit deur ouers goedgekeur dat die skool- en koshuisgeld vir 2022 soos volg sal wees:

Skoolgeld:

R17 600 per leerder per jaar.
Eerste paaiement: R1 800
Per maand (10 paaiemente): R1 580
Per kwartaal: R3 950

Bankbesonderhede:

ABSA – Rekeningnommer: 105 885 0256
Takkode: 632005
Verwysingsnommer: Soos op rekeningstaat

Koshuisgeld:

R27 200 per jaar + R100 koshuisfonds
Per maand (10 paaiemente): R2 720
Per kwartaal: R6 800
Breekskade vir eerste toetreders: R500

Bankbesonderhede:

ABSA – Rekeningnommer: 105 886 0251
Takkode: 632005
Verwysingsnommer: Soos op rekeningstaat

4. KOMMUNIKASIE: *D6 SCHOOL COMMUNICATOR:*

Ons wil alle ouers aanmoedig om asseblief die *communicator* af te laai.
http://www.d6technology.com/download/school/5500

Ons plaas alle relevante inligting op die *communicator*.

5. UITSLAE

Die Gimmies het Saterdag 30 Oktober aan Jakhals Events se bergfietsry en landloop-kompetisie te Arendsrus in George deelgeneem.

Die Gimmies het nie net goed gelyk nie, maar fantasties presteer en ware Gimmie trots getoon.

Baie dankie aan mnre. Bester, Loots en Eloff wat die leerders Saterdag vergesel het. Dankie aan elke leerder wat deelgeneem het en geluk aan elkeen wat in hulle onderskeie kategorieë uitgeblink het.

Die uitslae is as volg:

10km Landloop Mans
1ste plek - Tyron Lee Andries
3de plek - William v Tonder

10km Landloop Dames
2de plek - Ané Bester
3de plek - Amé Pretorius en Elizma Huyser
4de plek - Tanya Smit
5de plek - Chanelle Bester

26km Berdfiets Mans
2de plek - Ryan Goncalves
4de plek - Christiaan Oberholzer
5de plek - Drian Harteveld

26km Bergfiets Dames
2de plek - Kelsé Taljaard

41km Bergfiets Mans
3de plek - Gert Beukes
4de plek - Louis Venter
5de plek - Mnr. Gerhard Loots

TENNIS TEEN SENTRAAL

Seuns wen 6 – 0
Dogters wen 5 – 1

TENNIS TEEN YORK HIGH

Seuns wen 6 – 0

TENNIS TEEN OAKDALE

Seuns verloor 7 – 1

***BIO SCIENCE GLOBAL* OLIMPIADE**

Goue Sertifikaat
Lisa Steyn
Jana-Mari Emmerich
Nadia Badenhorst

Silwer sertifkaat
Conrad van Wyk
Kobus Geyser
Aliyah Cremer
Denolyn de Vos

Brons sertifikaat
Lynne Herholdt

EKSAMENROOSTER
NOVEMBER 2021

NORMALE SKOOLDAG

	GRAAD 11	GRAAD 10	GRAAD 9	GRAAD 8
Vrydag 12 November	Skooldag RTT Prakties	Skooldag RTT Prakties	Skooldag	Skooldag

FORMELE EKSAMEN BEGIN

Maandag 15 November	Wisk/WG/TWisk Vr 1	Wisk/WG/TWisk Vr 1	Skooldag	Skooldag
Dinsdag 16 November	GEO IGO V1/IT Teorie	Lewensoriëntering	Skooldag	Skooldag
Woensdag 17 November	LW Vr 1 Meg/Elek/Siv	Elek/Meg/Siv GS/Rek Vr 1	Wiskunde Tutoriaal	EBW
Donderdag 18 November	Engels FAL/HL Vr 2	IT Prakties GEO/IGO Vr 1	Afrikaans Vr 1	Engels FAL/HL Vr1
Vrydag 19 November	Wisk/WG/TWisk Vr 2	FW/TWET Vr 1 Besigheidstudies Vr 1 Ontwerp/Toerisme	Natuurwetenskappe	Skeppende Kunste Prakties
Maandag 22 November	RTT Teorie	LW Vr 1	Geskiedenis	Wiskunde Vr 1
Dinsdag 23 November	Rek Vr 1	RTT Teorie	Wiskunde Vr 1	Lewensoriëntering
Woensdag 24 November	Lewensoriëntering	Afrikaans Vr 2 Rek Vr 2 (middag)	Aardrykskunde	Skeppende Kunste Teorie
Donderdag 25 November	IGO Vr 2 IT Prakties	Engels FAL/HL Vr 2	Engels HL Vr 1	Wiskunde Vr 1
Vrydag 26 November	FW/TWET Vr 1 Ontwerp/Toerisme Besigheidstudies Vr 1	LW Vr 2	Skeppende Kunste Teorie	Afrikaans Vr 2
Maandag 29 November	FW/TWET Vr 2 Besigheidstudies Vr 2	Wisk/WG/TWisk Vr 2	Wiskunde Vr 2	Tegnologie
Dinsdag 30 November	Engels FAL/HL Vr 1 Rek Vr 2 (middag)	Afrikaans Vr 1	EBW	Aardrykskunde
Woensdag 1 Desember	Afrikaans Vr 2	IT Teorie IGO Vr 2	Engels FAL Vr 1	NW
Donderdag 2 Desember	LW Vr 2	FW/TWET Vr 2/BS Vr 2	Lewensoriëntering	Geskiedenis
Vrydag 3 Desember	Afrikaans Vr 1	Engels FAL/HL Vr 1	Tegnologie	Wiskunde Assessering